



KONTIKI Preprimêr

Posbus 28076
Danhof
9310

Tel: (051) 436 3370
E-pos: info@kontiki.co.za
Webwerf: www.kontiki.co.za

GEDRAGSKODE VIR KLEUTERS, OUERS, OPVOEDERS, PERSONEEL EN DIENSVERSKAFFERS

INHOUDSOPGAWE

| | |
|--|-----------|
| 1. INLEIDING | 2 |
| 2. WOORDOMSKRYWING | 2 |
| 3. ALGEMEEN | 2 |
| 4. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE | 3 |
| 5. PROSEDURE OM TE VOLG BY NIE-NAKOMING VAN GEDRAGSKODE | 3 |
| 6. MENSEREGTE | 3 |
| 7. DISSIPLINE | 4 |
| 8. ROOK EN ALKOHOLGEBRUIK | 5 |
| 9. GEDRAGSKODE VAN KLEUTERS | 6 |
| 10. GEDRAGSKODE VAN OUERS | 8 |
| 11. GEDRAGSKODE VAN PERSONEEL | 10 |
| 12. GEDRAGSKODE VAN OPVOEDERS | 12 |
| 13. GEDRAGSKODE VAN DIENSVERSKAFFERS | 14 |

AANHANGSEL A: ONDERNEMING TOT GEBONDENHEID



1. INLEIDING

Die Beheerliggaam van Kontiki Preprimêr (voortaan “die Skool”), as verteenwoordigers van die ouers, opvoeders en personeel van die Skool, het hierdie Gedragskode opgestel. Die Gedragskode is met die betrokke partye bespreek en deur hulle aanvaar.

Die regte en verantwoordelikhede van al die bogemelde partye van Kontiki word hier omskryf.

Die Gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (“die Grondwet”), die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) (“die Skolewet”), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 72 van 1996), Riglyne vir Gedragskode vir Leerders, asook toepaslike regulasies en provinsiale wetgewing. Die Gedragskode moet saam met die Skool se beleide gelees word.

2. WOORDOMSKRYWING

Betekenis van die woorde vervat in die dokument word hieronder aangedui:

- 2.1. “Kleuter” beteken `n kind wat by Kontiki ingeskryf is en wie opgevoed en onderrig word deur `n opvoeder van die Skool.
- 2.2. “Diensverskaffers” beteken persone of instansies wat nie in diens van die Skool is nie en wat `n kontrak met die Skool aangegaan het om `n bepaalde diens te lewer en wat insluit `n verteenwoordiger en/of werknemer.
- 2.3. “Opvoeder” beteken `n persoon wat ander persone leer, opvoed of oplei of wat professionele terapie verskaf by enige skool, of help om `n professionele diens te lewer wat by die Departement van Onderwys of by die Departement van Sosiale Ontwikkeling geregistreer is, of wat `n bydrae lewer tot die implementering en versterking van die kurrikulum, byvoorbeeld onderwyseresse, assistente, skoolhoof, terapeute en buitemuurse programaanbieders.
- 2.4. “Ouer” beteken die ouer of voog van `n leerder, en/of die persoon wat regtens die plig van bewaring en versorging van `n leerder het en/of die persoon wat onderneem om die verpligting ten opsigte van `n leerder se skoolopvoeding na te kom.
- 2.5. “Personeel” beteken persone wat in diens staan van die Skool, dit sluit in onderwyseresse, assistente, sekretaresse, skoolhoof en skoonmaakpersoneel.
- 2.6. “Skool” beteken Kontiki Preprimêr.
- 2.7. “Skoolreëls” beteken alle reëls wat deur die ouers onderteken word by die inskrywing van die kleuter in die skool. Enige wysiging daaraan sal aan die ouer voorsien word en sal deel vorm hiervan.

3. ALGEMEEN

Die gedrag van bogemelde partye sal ten alle tye sodanig wees dat dit die respek van ander kleuters, opvoeders, personeel, diensverskaffer, ouers, voogde en die gemeenskap sal afdwing tot voordeel van die Skool.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



Geen van die bogemelde partye dra ten enige tyd meer gewig as die Landswette of die Gedragskode soos deur die Onderwysowerheid voorgelê nie.

4. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

Die doel van hierdie Gedragskode is om positiewe dissipline te bevorder en aan te moedig. Dit is ook daargestel om selfdissipline aan te leer en dit te handhaaf.

Kleuters wat by die Skool ingeskryf word is onderworpe aan 'n Gedragskode en dit moet stiptelik nagekom word. Indien dit deur die partye geminag word, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedures teen die sodanige party/e opgetree word.

5. PROSEDURE OM TE VOLG BY NIE-NAKOMING VAN GEDRAGSKODE

In gevalle waar personeel, opvoeders en/of ouers van mening is dat 'n ander kleuter, personeellid, opvoeders of ouer nie aan die Gedragskodes voldoen soos hierin uiteengesit word nie, kan 'n skriftelike klagte aan die Skoolhoof en Beheerraadsvoorsitter gestuur word, waarna die aangeleentheid ondersoek sal word en aksie, indien nodig, geneem sal word.

Indien kleuters ingebreke bly om aan die bepalings van die Gedragskode te voldoen, sal dit in terme van 'n dissiplinêre proses, soos uiteengesit in die Skolewet, aangespreek word.

Die volgende moet altyd in ag geneem word:

Elke kindjie het die reg om optimaal te ontwikkel en alles wat 'n invloed op die klein kind se gedrag kan hê, moet oorweeg word, aangesien dit die Skool se taak is om elke kindjie in ons sorg "leerbaar" te kry. 'n Gemiddelde aanpassingstyd van ses weke, moet aan nuwe kleuters gegun word. Indien gedrag nie verbeter nie, moet hindernisse geïdentifiseer word en uit die weg geruim word. Indien die opvoeder dit nie self kan doen nie, moet verwysings gedoen word na buite-opvoeders wat wêl kan.

Personeel en diensverskaffers wat in gebreke bly om aan die bepalings van die Gedragskode te voldoen, sal in terme van dienskontrakte op die arbeidswetlike wyse aangespreek word.

Ouers wat in gebreke bly om die voorwaardes van die Gedragskode na te kom, sal deur die Beheerraad genooi word vir 'n gesprek in die verband. Ouers wat volhard in die nie-nakoming van die Gedragskode kan sekere geleenthede by die skool belet word.

6. MENSEREGTE

Elke landsburger het sekere regte wat beskerm moet word binne die Grondwet. Die fundamentele regte van burgers moet verder beskerm word deur die beginsels van die gemene reg en nasionale wetgewing.

Elkeen is geregtig op:

- a) Gelykheid
- b) Menswaardigheid
- c) Privaatheid en om my lewe te lei met die minimum inmenging
- d) Vryheid van geloof en mening
- e) Vryheid van uitdrukking
- f) Vryheid van assosiasie
- g) Politieke regte
- h) Arbeidsregte
- i) Taal en kultuur

Geloof

Omgee

Respek

Blydskap



j) Beskerming van en respek vir my waardigheid as opvoeder

7. DISSIPLINE

Dissipline is die hulp en leiding wat aan die kind gebied word om sosiaal onaanvaarbare gedrag te verander na gekontroleerde, aanvaarbare gedrag. Dissipline is 'n noodsaaklike en onvermydelike voorwaarde vir opvoeding. Sien ook die skoolbeleid wat handel oor dissipline.

7.1. Selfdissipline

Die opvoeder se grootste taak is om die kind te lei tot selfdissipline.

Die manier waarop dissipline toegepas word, is uiters belangrik. Die kind behoort te beseef dat dit sy/haar gedrag is wat onaanvaarbaar is en nie hy-/syself nie.

Slegs diegene wat self gedissiplineerd is, kan ander lei en vooruit help.

Die opvoeder verhoog of verbeter die kind se selfbeeld en selfvertroue deur positiewe versterking van aanvaarbare gedrag, sodat hy/sy nie nodig het om stout of aggressief te raak om aandag te kry nie.

7.2. Toepassing van dissipline

Elke onderwyseres het haar eie, unieke stelsel van dissiplinering. Onderskeie dissiplineringstelsens word wel gebaseer op die volgende gedeelde riglyne:

- a) Dissiplineer kinders met liefde, wedersydse vertroue en respek. Waak teen die vernedering van 'n kind voor die groep.
- b) Bespreek die probleem met die kleuter sodat hy/sy begrip kan hê vir die teregwyding.
- c) Wees streng en beslis, maar regverdig teenoor alle kleuters.
- d) Lê duidelike en vaste reëls neer sodat eise aan kleuters redelik en altyd binne perke van hulle vermoëns is.
- e) Maak altyd seker dat kleuter weet hoekom hy/sy gestraf is.
- f) Wees ten alle tye, sonder uitsondering, konsekwent (dus géén witbroodjies nie).
- g) Neem die tyd van die dag in ag, asook die volgende aspekte wat gedrag kan beïnvloed:

- ooreising, moegheid
- bloedsuiker
- verveeldheid
- oorstimulasie

7.3. Straf

Straf gaan gepaard met vrees en ongerief en word daarom uiters versigtig aangewend. Kleuters word egter nooit toegelaat om ander kleuters skade aan te doen, seer te maak of om eiendom te beskadig nie.

Die doel van straf is:

- a) Voorkomend: Dit beperk die herhaling van onaanvaarbare gedrag.
- b) Opvoedingsmiddel: Dit maak die kind daarvan bewus dat sekere handeling verkeerd en sosiaal onaanvaarbaar is.
- c) Motiveerder: Dit motiveer die kleuter om korrek op te tree.

Die straf pas altyd by die oortreding.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



Ontneming van voorregte of verwydering uit die situasie waar verkeerde gedrag plaasvind, word oordeelkundig aangewend. Weerhouding van deelname aan die opvoedkundige program, bv. storievertelling, word nie as strafmiddel gebruik nie. Geen eensame afsondering of ontneming van basiese regte is toelaatbaar nie.

7.4. Lyfstraf

Liggaamstraf word onder geen omstandighede deur enige personeellid, aan 'n kleuter toegedien of beloof nie. Sien Skoolbeleid oor lyfstraf.

Indien so 'n geval aangemeld word, kan dit lei tot onmiddellike ontslag van die personeellid.

Ernstige oortredings deur kleuters word by die Skoolhoof aangemeld.

Indien afkeurenswaardige gedrag herhaaldelik voorkom en 'n oplossing nie intern gevind kan word nie, reël die Skoolhoof 'n afspraak met die ouers en die klasonderwyseres om die ouers se samewerking te verkry.

8. ROOK EN ALKOHOLGEBRUIK

Volgens die Skool se beleid, ondersteun deur wetgewing, word rook en alkoholgebruik op die skoolperseel verbied.*

Rook is ook verbode op busse of enige ander voertuie gebruik vir amptelike skoolvervoer.

Alkoholgebruik is verder verbode in situasies waar dit aanstoot kan gee of die beroep se integriteit in gedrang kan bring.

*Uitsonderings op hierdie reël sal oorweeg word slegs onder die diskresie van die Beheerliggaam en met inagneming van Wetgewing.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



9. GEDRAGSKODE VAN DIE KLEUTERS

9.1. Regte van die kleuter

Ek, die ouer, verstaan dat my kind die volgende regte het: en onderneem om dit vir hom/haar te leer en verduidelik:

1. Daar nie teen my gediskrimineer mag word nie;
2. Dat ek met gelykheid behandel moet word;
3. Dat ek die reg het tot privaatheid, respek en waardigheid;
4. Dat ek die reg het tot vreedzaamheid, vryheid en veiligheid;
5. Dat ek die reg het tot vryheid van uitdrukking en die reg om te betoog;
6. Dat ek die reg het op onderrig.

Ek onderneem om dit aan my kleuter te verduidelik om die volgende begrip by hom/haar te bewerkstellig:

Ek, die kleuter, weet dat ek regte het in terme van die Grondwet, en ook dat ander mense dieselfde regte het. Ek respekteer almal se regte, maak nie saak wat hul ras, geloof, taal, seksuele oriëntering, geslag en sosio-ekonomiese agtergrond is nie.

Ek weet dat almal gelyk is en belowe om so op te tree dat ek niemand deur by optrede sal benadeel nie.

9.2. Pligte en verantwoordelikhede van die kleuter

As vennote in die onderwys, verwag die Skool van die ouers om die onderstaande begrip van die kleuter se pligte en verantwoordelikhede by hom/haar te bewerkstellig.

9.2.1. Respek vir my onderwyseres

Ek verstaan dat my juffrou daar is om my te beskerm en te leer en daarom sal ek alles in my vermoë doen om na haar te luister en haar te gehoorsaam.

Ek verstaan sy moet my en die ander maatjies beskerm en keer dat ons seerkry en daarom is daar reëls. Ek sal my bes doen om by hierdie reëls te hou.

Ek verstaan my juffrou is 'n grootmens en dat sy net my beste belange op die hart het. As my hartjie seer is, sal ek met haar praat en kan ek weet dat sy my sal help sover as wat sy kan.

9.2.2. Respek vir my maatjies

Ek belowe om my maatjies te respekteer en nie op te tree om hul menswaardigheid aan te tas nie. Ek weet daar is maatjies van ander ras, kultuur, geslag en geloof as ek, maar dat elkeen gerespekteer moet word.

Al het die maatjies nie dieselfde mamas en pappas nie, is ons almal deel van die Kontiki-gesin en daarom moet ons mekaar liefhê, soos boeties en sussies.

Ek belowe om my maatjies lief te hê en om my bes te doen om nie hulle lyfies of hulle hartjies seer te maak nie. Ek sal ook my bes doen om nie lelike goed vir die maatjies te sê nie.

As 'n maatjie my seermaak, sal ek dit vir my juffrou sê, sodat sy my kan help. As 'n kleuter van Kontiki sal ek almal met liefde en respek hanteer.

Geloof

Omgee

Respek

Blydskap



9.2.3. Respek vir personeel, diensverskaffer en besoekers

Ek belowe ook om vir al Kontiki se juffrouens te luister, asook vir ander grootmense wat met my werk. Ek sal ook ander grootmense wat by Kontiki kom kuier vriendelik groet.

9.2.4. Respek vir die omgewing en skoolfasiliteite

Ek belowe om mooi na Kontiki te kyk. Ek sal papiere en gemors in die asblik te gooi. Ek sal help om speelgoed op te tel en weg te pak. Ek sal nie die speelgoed of meubels breek nie.

9.2.5. Gehoorsaamheid aan organisatoriese- en gedragsreëls

Ek verstaan reëls is daar om my te beskerm en daarom sal ek dit gehoorsaam. Ek sal luister na die juffrouens en ook na die reëls van die klas en die skool. As ek nie luister nie, sal ek gestraf word.

9.2.6. Veiligheid

Wanneer Mamma of Pappa my by die skool aflaai, word Juffrou my mamma en moet sy my veilig hou. Sy kan dit nie doen as ek by Kontiki se hek uitgaan nie. Ek mag nie by die kantoor ingaan sonder 'n ander grootmens nie. Ek mag net saam met my mamma of pappa by die skool se hek uitstap, behalwe as Mamma of Pappa vir my gesê het dat iemand anders my sal kom haal. As ek by die skool se voorhekkie uitloop, sal ek altyd iemand se hand vashou en nie vooruit hardloop nie, want ek weet daar ry karre en ek kan baie seer kry.

9.2.7. Akademiese aangeleenthede

Ek verstaan ek is by Kontiki om te leer. Om te kan leer, moet ek werkies in die klas doen. Ek mag ook nie ander maatjies so pla dat hulle nie 'n kans kry om te leer nie. As ek dit oor en oor doen, mag juffrou 'n ouer bel om my te kom haal. Ek sal probeer om altyd die waarheid te praat.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



10. GEDRAGSKODE VAN DIE OUERS

10.1. Verantwoordelikhede

Ouers bly die werklike opvoeder van hul kind(ers) en dit is die ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat sy/haar kind(ers) die nodige opvoeding ontvang. Hierdie basiese opvoeding wat die kind moet ontvang vanaf sy ouer kan nie in die hande van die Skool gelaat word nie. Die Skool behartig die deel van die opvoedingstaak wat, weens die gespesialiseerde aard daarvan, nie gereedlik deur die ouers uitgevoer kan word nie. Die Skool en ouer het hul eie rol in die opvoeding van die kind en die een kan nie sonder die ander 'n sukses van hul taak maak en oorneem nie.

Elke ouer van Kontiki is daartoe verbind om:

- a) Dissipline van kleuter(s) te handhaaf.
- b) Skoolreëls en –beleide te aanvaar.
- c) Die skoolomgewing en skoolfasiliteite te respekteer.
- d) Die multikulturaliteit van mede-ouers te herken.
- e) So op te tree dat dit nie die menswaardigheid van ander ouers sal aantast nie.
- f) Personeel, opvoeders, bestuur en besoekers te respekteer.
- g) Die Gedragskode van die Skool te ondersteun.
- h) Die Skoolhoof te ondersteun in haar besluite en bestuur van die Skool.
- i) Die vrymoedigheid te hê om enige probleme of verskille met die Skoolhoof te bespreek.
- j) Met die onderwyseres in verbinding te kom indien 'n probleem by/met die Skool ervaar word.
- k) Die openbare beeld van die Skool te bevorder;
- l) 'n Positiewe boodskap uit te dra na die potensiële ouers/klënte van die Skool.
- m) Saam met die onderwyseres te werk tot voordeel van die kleuter sonder om oor te neem of in te meng met die pligte en spesialiteitsveld van die Skool nie.
- n) Die opvoeders te erken as plaasvervangende ouers van die kleuter(s) en die gesag van die opvoeders te ondersteun.
- o) Om nie na die media te gaan met probleme nie, maar probleme eers met die Skoolhoof of onderwyseres te bespreek.
- p) Toe te sien dat die kleuter(s) elke dag skool bywoon en, indien afwesig, dit onder die aandag van die Skool te bring en om persoonlik reëlings te tref indien die kleuter(s) vroeg die Skool gaan verlaat.
- q) Kleuter(s) betyds af te haal aan die einde van die skooldag.
- r) Met die onderwyseres privaat te reël vir afhaal van kleuter(s) of verdere reëlings en nie op die groepe wat geskep word vir die onderwyseresse om met ouers te kommunikeer nie.
- s) 'n Verslag van vordering te ontvang en met die onderwyseres en kleuter(s) te bespreek.
- t) Ouervergaderings by te woon.
- u) Omsendbriewe te lees en daarop te reageer.
- v) Om nie onderwyseresse of personeel te probeer omkoop om sekere gunste aan die kleuter(s) te bewys nie.
- w) Toe te sien dat kleuter(s) gesond en skoon is en dat hy/sy geïmmuniseer is soos vereis deur die Gesondheidsdepartement.
- x) Enige verandering in die kleuter(s) se huislike omstandighede onder die Skool se aandag te bring.
- y) Die Skool te voorsien van korrekte telefoonnummers, adresse en geboortesertifikate.
- z) Gereeld en betyds skoolgeld te betaal of reëlings met die Finansiële Komitee te tref.
- aa) 'n Positiewe houding te kweek tussen die kleuter, die opvoeders en die Skool deur aktief betrokke te raak by aktiwiteite van die Skool.
- bb) Enige skade aan die gebou of ander toerusting aangerig deur die kleuter(s) te vervang of te herstel.
- cc) Algemene vrywaringvorm te onderteken voordat die kleuter(s) aan enige aktiwiteite by die Skool mag deelneem of met 'n bus vervoer mag word.

Geloof

Omgee

Respek

Blydskap



- dd) Die Skool te ondersteun met sekere veiligheidsmaatreëls wat ingestel word om die veiligheid van die kleuter(s) te verseker.
- ee) Toe te sien dat die kleuter(s) Vrydae korrekte skooldrag dra.
- ff) Funksies en gesellighede van die Skool te ondersteun.

10.2. Regte van ouers

Ek, as ouer, weet ek is geregtig op die volgende:

- a) Om op die Beheerraad te dien indien demokraties verkies.
- b) Om te verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die Skolewet.
- c) Gereeld op hoogte gehou te word ten opsigte van die vordering van my kind(ers) by die skoolaktiwiteite of gedragsafwykende gedrag indien dit geopenbaar word.
- d) Enige probleme met die opvoeders of die Skoolhoof te bespreek, maar op so `n manier dat die integriteit van geen persoon afgekraak word nie / sy of haar regte nie aangetas word nie.
- e) Deel te neem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die Skool verlang.

10.3. Pligte van ouers

Elke ouer van Kontiki verbind hulle tot:

- a) Die opvoeding van kleuters tot verantwoordelike en selfstandige besluitnemers.
- b) Die kweek van `n pligsbesef by kleuter(s).
- c) Die handhawing van dissipline by kleuter(s).
- d) Die behandeling van opvoeders, personeel en bestuur met respek.
- e) Die aanvaarding van die skoolreëls en beleide en die bevordering daarvan by die kleuter(s).
- f) Respek vir die skoolomgewing en skoolfasiliteite.
- g) Die erkenning van multikulturaliteit van mede-ouers en dat hulle so sal optree dat hulle nie die menswaardigheid van die ander ouers sal aantast nie.
- h) Respek vir personeel en besoekers.

10.4. Besoeke aan skool om onderwyseresse te spreek

Ouers onderneem om vooraf `n afspraak te maak. Ouers onderneem om nie tydens klastyd die onderwyseresse te steur nie, aangesien dit die onderrig in die klas sal onderbreek. Indien die Skoolhoof teenwoordig moet wees, moet ouers `n afspraak by die sekretaresse maak.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



11. GEDRAGSKODE VAN PERSONEEL

Personeel sal poog om ten alle tye die beste belang van die Skool te bevorder deur hulself te weerhou van enige handeling of versuim wat die belange van die Skool benadeel of waarskynlik kan benadeel.

11.1. Regte van personeel

My regte as opvoeder word egter altyd oorweeg teenoor dit wat in die beste belang van die behoud van 'n effektiewe, samehorige onderwys- en leeromgewing is. Kleuteroptrede wat in stryd is met my regte as opvoeder moet altyd beoordeel word teen die agtergrond van die eienskappe eie aan die van 'n kleuter, naamlik:

- a) Gebrek aan oordeel
- b) Gebrek aan rasonele denke
- c) Emosionele onvolwassenheid
- d) Impulsiewe gedrag

11.2. Gedrag van die personeellid

11.2.1. Teenoor die kleuter

Die personeellid:

- a) Respekteer die waardigheid, geloof en grondwetlike regte van kleuters, insluitend die reg tot privaatheid en vertroulikheid.
- b) Vermoed enige vorm van vernedering en weerhou hom- of haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en/of psigologies.
- c) Vermoed onbehoorlike fisiese kontak met kleuters.
- d) Vermoed enige vorm van seksuele afmatigende gedrag, hetsy fisies of andersyds, teenoor kleuters.
- e) Vermoed enige seksuele verhouding met enige kleuter.
- f) Sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in hul interaksie met kleuters, om sodoende respek by kleuters in te boesem.
- g) Neem verantwoordelike besluite om die veiligheid van kleuters te verseker.
- h) Misbruik nie haar posisie vir enige finansiële, politieke en/of persoonlike gewin nie.
- i) Is nie nalatig, traag en lui in die uitvoering van haar professionele verantwoordelikhede nie.
- j) Is altyd eerlik, opreg en regverdig in optrede teenoor kleuters.

11.2.2. Teenoor die ouer

Die personeellid:

- a) Erken ouers as vennote in onderwys en opvoeding.
- b) Bevorder 'n verhouding van harmonie met ouers.

11.2.3. Teenoor die beroep

Die personeellid:

- a) Sal die pligtestaat aan haar gegee en deur haar onderteken met respek en verantwoordelikheid beoefen en uitvoer.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



11.2.4. Teenoor kollegas

Die personeellid:

- Weerhou haar van ondermyning van die status en gesag van enige kollega.
- Respekteer en erken die verskeidenheid van verantwoordelikhede aan kollegas toegeken met gesag daaruit voortspruitend, om sodoende die progressiewe verloop van die opvoedkundige proses by die opvoedkundige inrigting te verseker.
- Aanvaar regmatige prosedures vir die aanspreek van kwessies, professionele onbevoegdheid en wangedrag.
- Bevorder geslagsgelykheid.
- Weerhou haarself van enige seksuele teistering, fisies of andersyds, van `n kollega.
- Sal gepaste taal gebruik en optrede handhaaf in haar interaksie met kollegas.
- Vermyn enige vorm van vernedering en weerhou haarself van enige vorm van mishandeling, hetsy fisies en/of sielkundig, teenoor enige kollega.
- Is lojaal teenoor haar skool, Skoolhoof, kollegas, kleuters en ouers.

11.2.5. Teenoor die werkgewer

Die personeellid:

- Erken die werkgewer as `n vennoot binne opvoeding/onderwys.
- Erken dat sekere verantwoordelikhede en gesag deur die wetgewing in die werkgewer gesetel is.
- Dien haar werkgewer na die beste van haar vermoë.
- Weerhou haarself van die kommunikeer van enige vertroulike en amptelike aangeleenthede met ongemagtigde persoon/persone.

11.3. Onderneming van die personeellid

Ek besef dat dit `n voorreg is om by Kontiki my professie te beoefen. Daarom belowe ek:

- Om my beste te lewer vir die Skool.
- Om die skoolreëls toe te pas.

Kontiki Preprimêr het `n goeie naam en geskiedenis. Daarom onderneem ek:

- Om ongeag waar ek is, so op te tree dat die Skool se goeie naam nie skade ly nie.
- Om `n voorbeeld te stel met my optrede binne en buite die skoolgronde.
- Om professioneel aanvaarbare kleredrag en voorkoms te handhaaf tydens werksure en op skooluistappies.

Ek is `n individu en volwassene in eie reg. Daarom gaan ek:

- My weerhou van enige negatiewe gedrag, kwaadpraat en skinderstories teenoor my kollegas, alle kleuters en ouers.
- My kollegas ondersteun en deel wees van die Skool se span.
- Ander se reg op regverdigheid, respek en sukses erken.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



12. GEDRAGSKODE VAN OPVOEDERS

Buiten vir die individu se pligte, regte en verantwoordelikhede as personeellid van Kontiki Preprimêre Skool soos hierbo uiteengesit, is die volgende ook spesifiek van toepassing op opvoeders verbonde aan die Skool, hetsy personeellede of verteenwoordigers van buite-instansies.

12.1. Onderneming van opvoeders

Die opvoeders wat by die Departement van Onderwys of by die Departement van Sosiale Ontwikkeling geregistreer of gedeeltelik geregistreer is asook studentonderwysers of opvoeders van 'n buitemuurse aktiwiteit en in Kontiki Preprimêr met verantwoordelikheid dien:

- Erken die roeping van beroep om kleuters op te voed, op te lei en te onderrig.
- Erken dat houding, toewyding, selfdisipline, ideale, opleiding en handelwyse van die onderwysberoep die kwaliteit van opvoeding in die gemeenskap bepaal.
- Erken, ondersteun en bevorder basiese menseregte, soos vervat in die Grondwet.
- Verbind hulself daartoe om alles binne hul vermoë, in die uitvoering van hul professionele verantwoordelikhede, te doen om in ooreenstemming met die ideale van hul beroep op te tree, binne en buite skoolverband.
- Onderneem om betaamlike, bevorderlike optrede te handhaaf om sodoende nie die beeld van die onderwysprofessie te skaad nie.
- Onderneem om kleredrag en persoonlike voorkoms te hê wat te alle tye onberispelik en toepaslik sal wees.
- Onderneem om 'n goeie voorbeeld te stel en ten minste aan die eise te voldoen wat aan kleuters gestel word.

Ek, as opvoeder, belowe:

- Om ten volle voorbereid te wees vir alle lesse.
- Om die beste lesse aan te bied en die werk deeglik en so verstaanbaar moontlik vir die kleuter te maak.

Ek verwag die beste van my kleuters. Daarom gaan ek my beste vir die kleuters gee deur:

- Stiptelik te wees vir klasse.
- Te alle tye professioneel teenoor leerders op te tree.
- Altyd konsekwent op te tree.
- Altyd in ag te neem dat kleuters verskil ten opsigte van vermoëns en begaafdheid en dat dit gereflekteer sal word in my opvoeding en oordra van kennis en bemoediging met kleuters om sodoende seker te maak dat alle kleuters, wanneer nodig, die leerstof bemeester.

Dissipline is die beginsel tot sukses. Ek ondersteun hierdie beginsel en onderneem om:

- Konsekwent en billik te wees in die toepassing van dissipline.
- Nie uitsonderings te maak en sekere kleuters te bevoordeel in die toepassing van dissipline nie.
- My te weerhou van impulsiewe optrede en om nie te straf in die hitte van die oomblik nie.
- Nie enige kleuter se waardigheid te krenk of hulle te verneder voor ander nie.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



12.1.1. Teenoor die kleuter

Die opvoeder onderneem:

- a) Om die uniekheid, individualiteit en bepaalde behoeftes van elke kleuter te erken en rigtinggewende leiding en motivering te gebruik teenoor elke kleuter in die ontdekking van sy of haar potensiaal.
- b) Om daarna te streef om `n kleuter in staat te stel om waardestellings in lyn met die fundamentele regte, soos uitgebeeld in die Grondwet, te ontwikkel.
- c) Om gesag met deernis te beoefen.
- d) Om geslagsgelykheid te bevorder.
- e) Om kleuters as vennote in onderwys te erken.

12.1.2. Teenoor ouers

Die opvoeder onderneem:

- a) Om alles prakties moontlik te doen om ouers volledig en stiptelik ingelig te hou rakende die welstand en vordering van hulle kind.

12.1.3. Teenoor die beroep

Die opvoeder:

- a) Erken dat die beoefening van haar/sy professionele verantwoordelikhede geskied binne die raamwerk van samewerking met en die ondersteuning van kollegas.
- b) Tree op en gedra haarself/homself op `n wyse wat die status en waardigheid van haar/sy professie bevorder en nie skaad nie.

Die onderwyseres:

- c) Bly op die voorgrond van opvoedkundige tendense en ontwikkelings.
- d) Bevorder konstante ontwikkeling van onderwys/opvoeding as `n beroep.
- e) Aanvaar haar verantwoordelikheid met betrekking tot die insluiting, opname en induksie van nuwe lede van die onderwysberoep.

- ❖ **Pligtestate beskikbaar op aanvraag**
- ❖ **Meer inligting in die beleidsdokument**

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



13. GEDRAGSKODE VAN DIENSVERSKAFFER

Die diensverskaffer:

- a) Sal poog om te alle tye die beste belange van die Skool te bevorder deur hom-/haarself te weerhou van enige handeling of versuim wat die belange van die Skool benadeel of waarskynlik kan benadeel.
- b) Sal geen handeling of versuim verrig wat die goeie naam, die regte of die statutêre rol in die onderwys van die Beheerraad, `n persoon in diens by die Skool, of `n leerder of ouer van die Skool onredelikerwys benadeel of waarskynlik kan benadeel nie.
- c) Bevorder geslagsgelykheid en weerhou hom-/haarself van teistering (fisies of andersins) van opvoeders, personeellede en in besonder kleuters.
 - a) Nie te rook op die skoolgronde nie.
 - b) Nie alkohol te gebruik voor ek die skoolgronde betree of selfs op die skoolgrond te gebruik nie.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap



**KONTIKI Preprimêr**Posbus 28076
Danhof
9310Tel: (051) 436 3370
E-pos: info@kontiki.co.za
Webwerf: www.kontiki.co.za**AANHANGSEL A: ONDERNEMING TOT GEBONDHEID**

Hiermee erken ek dat ek die Gedragskode noukeurig deurgelees het en onderneem ek om my daarby te hou.

Teken asseblief slegs die toepaslike afdeling(s).

1. GEDRAGSKODES VAN KLEUTERS EN OUERS

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Vader se naam en van

Handtekening van Vader

Moeder se naam en van

Handtekening van Moeder

Voog se naam en van

Handtekening van Voog

Kleuter/s se naam en van: _____

Geloof

Omgee

Respek

Blydskap



2. GEDRAGSKODE VAN PERSONEELLEDE

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Personeellid naam en van

Handtekening van personeellid

Posbenaming (soos op Dienskontrak): _____

3. GEDRAGSKODE VAN OPVOEDERS

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Opvoeder naam en van

Handtekening van personeellid

Posbenaming soos op Dienskontrak (slegs werkgewers van Kontiki Preprimêre Skool): _____

Buite-instansie verteenwoordig (indien van toepassing) _____

4. GEDRAGSKODE VAN DIENSVERSKAFFERS

Diensverskaffers onderteken 'n aparte kontrak met Kontiki Preprimêre Skool.

Geloof



Omgee



Respek



Blydskap

